SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

13 Junie 2025

Alle SSK Graanprodusente,

SAADBESTELLING VIR KOMMERSIËLE GRAANSAAD & CANOLA

SSK streef daarna om deurlopend wêreldklas diens en produk aan sy lede en klante te lewer en deel daarvan is om saad aankope en voorraad optimaal te bestuur. Samewerking van produsente in hierdie verband is dus uiters belangrik en word u vriendelik versoek en herinner om kennis te neem van die bestaande onderstaande reëlings, ten einde SSK in staat te stel om hierdie proses tot voordeel van SSK, sy lede en klante te kan bestuur.

1. Indien graan vir saaddoeleindes verlang word, sal SSK dit hoog op prys stel indien u die inligting sal vasvang op u SSK Kliënte portaal onder "GRAIN \ SEED ORDERS" afdeling, of die vorms voltooi en terugbesorg aan gerdus.steyn@ssk.co.za voor of op 31 Julie 2025.
2. Saad wat na 30 November 2025 bestel word en wat dus spesiaal vir die produsente wat laat bestel het by ander instansies aangekoop word, sal noodgedwonge teen die duurder prys van die aangekoopte saad gefaktureer word.
3. Ingevoerde saad (insluitende kanola saad) waarvan SSK nie die lisensie houer is nie en wat deur SSK aangekoop word kan nie gekanselleer word nie.
4. Saad waarvan SSK die lisensiehouer is, sal toegelaat word om 10% van die totale bestelling, per kultivar skriftelik te kanselleer, met volgende aanvullende voorwaardes:
   i. Indien u meer as 10 % van aanvanklike bestelling wil kanselleer of terug lewer aan SSK en waarvan die saad nie weer aan iemand anders verkoop word nie, sal dra koste gefaktureer word en die saad geallokeer vir u vir die daaropvolgende plantseisoen en moet derhalwe ingereken word by u saai / plant beplanning.
   ii. Geen grootmaat verpakkings, waarvan die seël gebreek is, word teruggeneem vir herverkoop nie. U word aanbeveel om die laaste hoeveelhede van 'n soort in die vorm van klein sakkies (50 kg) te neem, ten einde die oortollige saad te kan terugbring as deel van 10% kansellasie toleransie.
   iii. Saad wat met Flite, Evergol Energy, Celest Top, Real Start IPM, Biocult of Biocult Rootgaurd behandel word, kan nie gekanselleer of terug gelewer word nie.
5. Alle saad wat met produkte behandel word, wat nie deur SSK gebruik word of ongeregistreer is, word op die produsent se eie risiko gedoen en SSK sal geen verantwoordelikheid dra vir ontkiemings probleme van die saad nie.



Direkteure / Directors: D.H. van Papendorp (Voorsitter / Chairperson), S.W. Viljoen (Onder-Voorsitter / Vice Chairperson), J.H. Barry, J.M. Joubert, M.G. Lourens, M.J. Odendaal, G.J. Muller, J. de V. Reinecke, A.J. Steyn, M.S. Streicher, P.H. de Jager

6. Die kultivars wat beskikbaar is verskyn op die saad-bestellingsvorm. Indien daar 'n behoefte is aan 'n kultivar wat nie op die lys verskyn of selfs 'n behandelings keuse kan u direk kontak maak met die saadafdeling om u keuse uit te oefen.
7. Ontkiemingstoetse sal daagliks tydens die skoonmaakproses gedoen word om te verseker dat 'n hoë standaard gehandhaaf word.
8. Geen telefoniese saadbestellings sal aanvaar word nie. Slegs bestellings wat op die voorgeskrewe metode soos in punt 1 aangedui geplaas word sal aanvaarbaar wees.
9. Voltooi asb. u saadbestelling op u SSK Kliënte portaal onder "GRAIN \ SEED ORDERS" afdeling, of voltooi die vorms en besorg dit terug aan gerdus.steyn@ssk.co.za voor of op 31 Julie 2025.

Navrae in verband met saad kan gerig word aan:

| | | |
|---|---|---|
| Gerdus Steyn | Tel | (028) 514 8687 |
| | Sel | (082) 521 4515 |
| | E-pos | gerdus.steyn@ssk.co.za |

U samewerking word waardeer.

Vriendelike groete,

Gerdus Steyn

Senior Bestuurder: Saad



Direkteure / Directors: D.H. van Papendorp (Voorsitter / Chairperson), S.W. Viljoen (Onder-Voorsitter / Vice Chairperson), J.H. Barry, J.M. Joubert, M.G. Lourens, M.J. Odendaal, G.J. Muller, J. de V. Reinecke, A.J. Steyn, M.S. Streicher, P.H. de Jager